

**Vrydag 8 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 22:7-20**

**Fokusgedeelte: Lukas 22:7-20**

### **Die paaslam – en dié Paaslam**

'n Mens besef nie altyd hoeveel voorbereidings getref moes word voor die Paasfees gevier kon word nie. Om seker te maak dat al hierdie voorbereidings behoorlik getref word, stuur Jesus twee van sy dissipels wat die naaste aan Hom is: Petrus en Johannes.

Maar eers moet hulle by die regte adres uitkom. Jesus gee die adres op 'n vreemde manier sodat Judas nie die adres vir die geestelike leiers kan deurgee nie. Jesus wil graag vir die laaste keer rustig saam met sy dissipels wees.

By die viering van die Paasfees deur Jesus en sy dissipels het die skaduwees werklikheid geword. Voor hulle staan Jesus Christus as die ware Paaslam wat weldra “geslag” gaan word en op dié wyse 'n baie groter verlossing sal bewerk as die verlossing van Israel uit Egipte. Christus sou dit sekerlik aan sy dissipels verduidelik het.

En as Hy dan aan hulle sê: *“Dit is my liggaam wat vir julle gebreek word ...”* en: *“Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed ...”* dan laat Hy hulle verstaan dat die Pasga oorgegaan het in die nagmaal. In hierdie woorde van Jesus kan die heerlike vervulling van die belofte van God dat die sonde sal verlos sal word, gehoor word.

Soos die Pasga gereeld gevier moes word sodat Israel God se verlossing uit Egipte nooit kon vergeet nie, so wil God ook dat ons verlossing uit die Egipte van sonde dood deur Christus (Op. 11:8) nooit deur sy kerk vergeet moet word nie. Daarom het Christus ook beveel: *“Gebruik dit tot my gedagtenis”* (1 Kor. 11:24). Dit beteken: gebruik dit sodat julle kan onthou.

Mag ons by elke nagmaal Jesus Christus se verlossingswerk onthou en dankbaar God daarvoor prys.

*Sing: Psalm 116-1:1, 7, 10*

*Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)*